| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | REKENINGKUNDE |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 12<br>(INSLUITEND 'N FORMULEBLAD EN 'N ANTWOORDBOEK VAN 12 BLADSYE) |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg hulle presies.

1. Antwoord **ALLE** vrae.
2. 'n Spesiale **ANTWOORDBOEK** word voorsien waarin **ALLE** vrae beantwoord moet word.
3. Toon **ALLE** bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donkergrys potlood of blou/swart ink gebruik om vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing, toon **ALLE** berekeninge tot **EEN** desimale punt.
7. As jy kies om dit te doen, kan jy die Finansiële Aanwyser Formuleblad aangeheg aan die einde van hierdie vraestel gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is **NIE** verpligtend nie.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om **NIE** daarvan af te wyk nie.

| **VRAAG** | **ONDERWERP** | **PUNTE** | **MINUTE** |
|---|---|---|---|
| **1** | Finansiële State:<br>Staat van Finansiële Posisie | 40 | 30 |
| **2** | Kontantvloeistaat, Notas en Finansiële Aanwysers | 55 | 50 |
| **3** | Interpretasie van Finansiële Inligting | 35 | 25 |
| **4** | Aandeelhouding en Korporatiewe Bestuur | 20 | 15 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

## VRAAG 1: FINANSIËLE STATE: Staat van Finansiële Posisie.

**(40 punte; 30 min)**

**FAST Bpk.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2024.

**GEVRA:**

1.1 Bereken die **korrekte Netto Wins na belasting** deur die aansuiwerings van **Inligting B** in ag te neem. (15)

1.2 Stel die **Staat van Finansiële Posisie** op 29 Februarie 2024 op. (25)

**INLIGTING:**

**A. Die volgende bedrae is uit die rekords geneem:**

| **Balansstaatrekeninge** | **2024** |
|---|---|
| Gewone Aandelekapitaal | 10 150 000 |
| Behoue inkomste | 850 000 |
| Vaste bates teen drawaarde | 11 060 000 |
| Vaste deposito: Drift Bank | 1 150 000 |
| Lening: Furious Bank | 1 984 000 |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings) | 675 000 |
| Krediteurekontrole | 629 000 |
| Debiteurekontrole | 668 000 |
| Voorsiening vir oninbare skulde (1 Maart 2023) | 35 450 |
| Handelsvoorraad | 828 500 |
| Wisselgeld | 10 450 |
| Bankoortrekking | ? |
| | |
| **Nominale rekeninge (*verkeerdelik gebruik in die Staat van Omvattende Inkomste*)** | |
| Direkteursfooie | 1 278 800 |
| Verpakkingsmateriaal | 125 250 |

**B.** Die volgende aansuiwerings is nie in ag geneem by die berekening van die Netto Wins voor belasting van **R1 705 600** in die Staat van Omvattende Inkomste nie.

**i.** Twee direkteure, Hobbs en Shaw, verdien dieselfde maandelikse direkteursfooie.

Hobbs se Februarie 2024 – fooi is nie aan hom betaal nie aangesien huur deur hom aan die maatskappy verskuldig is. Geen inskrywing is nog gemaak vir die huurinkomste nie. Sedert 1 Desember 2023 is die huur vir drie maande nie betaal nie. Hobbs huur ’n gedeelte van die maatskappy se eiendom vir persoonlike gebruik. Die maandelikse huur van R13 000 moet verreken word teen die direkteursfooie wat nog aan hom verskuldig is.

**ii.** Verpakkingsmateriaal wat gedurende die jaar gebruik is, beloop R109 950.

**iii.** Die voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot 5% van uitstaande debiteure.

**iv.** BUILT – IT is R520 000 betaal vir die bou van 'n stoorkamer en vir herstelwerk. Volgens die faktuur wat ontvang is, het die herstelwerk R80 000 beloop. Die totale bedrag is verkeerdelik teen herstelwerk gedebiteer.

**v.** Handelsvoorraad van R24 250 is aan Toretto Groothandelaars teruggestuur. Dit is verkeerdelik in die Krediteurejoernaal aangeteken. Maak die fout reg.

**vi.** ’n Leningstaat van Furious Bank is ontvang. Rente word gekapitaliseer.
Die saldo op 1 Maart 2023 was R2 300 000.
Maandelikse terugbetalings van R48 500, rente ingesluit, is betaal.
Die saldo op 29 Februarie 2024 is R1 984 000.

Maak voorsiening vir rente op lening. Die paaiement terugbetaling sal na verwagting dieselfde bly vir die volgende boekjaar.

**vii.** Op 29 Februarie 2024 is 1 250 000 aandele reeds uitgereik. 'n Finale dividend van 56 sent is verklaar.
Die maatskappy het 'n kwart van die finale dividend uitbetaal, maar die boekhouer het die betaling verkeerdelik as Salarisse aangeteken. Maak die fout reg.
Die res van die uitstaande bedrag sal in die nuwe finansiële jaar betaal word.

**viii.** Inkomstebelasting vir die finansiële jaar is korrek en akkuraat as R617 000 bereken.

**40**

**VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT, NOTAS EN FINANSIËLE AANWYSERS.**
**(55 punte; 50 min)**

**2.1 Kies die toepaslike item uit die lys wat by ELKE doel hieronder pas. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.**

**Lys van items wat in 'n maatskappy se jaarverslag sal verskyn:**

| | |
|---|---|
| A. | Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) |
| B. | Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) |
| C. | Kontantvloeistaat |
| D. | Direkteursverslag |

2.1.1 Om die uitwerking van bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite te weerspieël.
2.1.2 Om 'n skriftelike verduideliking van die finansiële prestasie van 'n maatskappy te verskaf.
2.1.3 Om die prestasie van 'n maatskappy te weerspieël in terme van sy bruto, bedryfs- en netto wins. (3)

**2.2 Kool – Kid Bpk.**

Die inligting het betrekking op Kool – Kid Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2024.

**GEVRA:**

2.2.1 Voltooi die volgende Notas tot die Staat van Finansiële Posisie:
- Gewone Aandelekapitaal (8)
- Behoue inkomste (12)

2.2.2 Bereken die volgende syfers vir die Kontantvloeistaat op 30 April 2024:
- Inkomstebelasting betaal (4)
- Dividende betaal (3)
- Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (5)

2.2.3 Stel die KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE-afdeling van die Kontantvloeistaat op 30 April 2024 op. (8)

2.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 30 April 2024:
- Winsopslag persentasie op Koste van verkope (4)
- Skuld - Ekwiteitsverhouding (3)
- % opbrengs op aandeelhouersbelang (OOAHB) (5)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel van inligting uit die Staat van Omvattende Inkomste op 30 April 2024:**

| | |
|---|---:|
| Verkope | 6 090 000 |
| Bruto wins | 1 890 000 |
| Waardevermindering | 26 900 |
| Rente-uitgawe | 45 900 |
| Inkomstebelasting (30% van die netto wins) | 360 000 |

**B. Uittreksel van inligting uit die Staat van Finansiële Posisie op 30 April:**

| | **2024** | **2023** |
|---|---:|---:|
| Vaste bates (drawaarde) | 3 890 000 | 3 328 000 |
| Vaste deposito | 210 000 | ? |
| Kontant en kontantekwivalente | 91 400 | 22 000 |
| **Aandeelhouersekwiteit** | **2 762 500** | **2 232 500** |
| Gewone Aandelekapitaal | 1 820 000 | 1 500 000 |
| Behoue inkomste | 942 500 | 732 500 |
| Lening: Apple Bank | 1 135 000 | 2 460 000 |
| Bankoortrekking | 0 | 35 600 |
| SAID (Inkomstebelasting) | 12 800 (kt.) | 22 600 (kt.) |
| Aandeelhouers vir dividende | **?** | 220 500 |

**C. Inligting oor aandelekapitaal:**

Gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele.

**Uitgereikte aandelekapitaal:**

- Op 1 Mei 2023 was daar 480 000 aandele uitgereik.
- Op 30 Julie 2023 is bykomende aandele uitgereik.
- Op 31 Januarie 2024 is 50 000 aandele teruggekoop en 'n bedrag van R220 000 is betaal.

**D.** Die netto batewaarde per aandeel, nadat bogenoemde in ag geneem is, is 425 sent per aandeel.

**E.** 'n Tussentydse dividend van 21 sent per aandeel is op 31 Desember 2023 betaal. Nuwe aandeelhouers is geregtig op tussentydse dividende.
'n Finale dividend van 62 sent per aandeel is op 30 April 2024 verklaar. Slegs aandeelhouers wat op 30 April 2024 geregistreer is, kwalifiseer vir die finale dividend.

**F.** Bykomende vaste bates is gedurende die finansiële jaar aangekoop. 'n Ou voertuig is gedurende die boekjaar teen boekwaarde, R22 000, verkoop.

**G.** Een derde van die Vaste Deposito het op 31 Desember 2023 verval.

**55**

## VRAAG 3: INTERPRETASIE VAN FINANSIËLE INLIGTING (35 punte; 25 min)

**3.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.**

3.1.1 (Solvensie / Likiditeit) is die maatskappy se vermoë om alle skuld te delg deur bestaande bates te gebruik.

3.1.2 Effektiewe beheer van inkomste en uitgawes is 'n weerspieëling van die (risiko / winsgewendheid).

3.1.3 Die gebruik van lenings om 'n maatskappy te finansier staan as (Opbrengs / Geratheid) bekend.

3.1.4 Die vermoë van ‘n maatskappy om sy korttermynverpligtinge te delg (Bedryfsdoeltreffendheid / Likiditeit).

(4)

**3.2 U word voorsien van inligting rakende FURIOUS Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2024. Die maatskappy is op die aandelebeurs genoteer met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 2 miljoen gewone aandele.**
**Die maatskappy vervaardig leerskoene (Vellies), beurtkrag het 'n negatiewe impak op produksie en verkope in die huidige boekjaar gehad.**

**GEVRA:**

3.2.1 **Likiditeit:**

Die direkteure is tevrede met die verbetering in die bedryfskapitaal verhouding en die vuurproefverhouding. Verduidelik hoekom jy nie met hulle sal saamstem nie. Haal **TWEE ander finansiële aanwysers** in jou antwoord aan. (6)

3.2.2 **Dividende:**

Die direkteure het die dividendbeleid vir die huidige finansiële jaar verander.

- Lewer kommentaar oor die dividend per aandeel oor die afgelope twee jaar. Haal syfers aan. (2)
- Verduidelik die verandering in die Dividenduitbetalingskoers en gee 'n rede vir hierdie verandering. Haal syfers aan. (4)
- 'n Aandeelhouer, Jakob Toretto, besit aandele in FURIOUS Bpk. en FAST Bpk.
  FAST Bpk. het die volgende finansiële aanwysers met betrekking tot dividende.

| | |
|---|---|
| Verdienste per aandeel | 196 sent |
| Dividend per aandeel | 92 sent |

  Jakob Toretto voel dat hy meer tevrede is met die dividende wat hy by FURIOUS Bpk. ontvang het. Verduidelik hoekom jy met hom saamstem. Haal syfers aan. (3)

3.2.3 **Risiko en Hefboom:**

Lewer kommentaar oor die risiko en hefboomfinansiering vir beide jare. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan. (6)

3.2.4 **Verwys na Inligting B en C.**

Huidige aandeelhouers is ontevrede dat die nuwe aandele wat op 1 Julie 2023 uitgereik is, aan die HUB, Brian O'Conner, verkoop is. Gee TWEE redes waarom jy dink hulle gevoelens geregverdig is. Toon berekening en haal syfers aan. (6)

3.2.5 **Verwys na Inligting C.**

Die Kontantvloeistaat het 'n positiewe verandering van R1 470 000 getoon. Gee TWEE redes waarom dit steeds 'n bekommernis vir die direkteure behoort te wees. Haal syfers aan. (4)

**INLIGTING:**

**A. Finansiële aanwysers en verhoudings vir die jaar geëindig 30 Junie:**

| | **2024** | **2023** |
|---|---|---|
| Winsopslag % behaal | 60% | 85% |
| % Netto wins voor belasting op verkope | 16,9% | 28,3% |
| Bedryfskapitaalverhouding | 2,4 :1 | 1,1 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,0 : 1 | 0,4 :1 |
| Voorraadhoudingtydperk | 102 dae | 63 dae |
| Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk | 46 dae | 31 dae |
| Gemiddelde krediteure betalingstydperk | 60 dae | 60 dae |
| Verdienste per aandeel | 58 sent | 130 sent |
| Dividende per aandeel | 72 sent | 91 sent |
| Dividenduitbetalingskoers | 124,1% | 70% |
| Skuld-ekwiteit verhouding | 0,4 :1 | 0,2 :1 |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 12,7% | 28,6% |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 19,2% | 32% |
| Netto batewaarde per aandeel | 233 sent | 391 sent |
| | | |
| Markprys van aandele op aandelebeurs | 140 sent | 450 sent |
| Rentekoers op lenings | 13,5% | 10,5% |
| Rentekoers op vaste deposito's | 6,8% | 5,5% |

**B. Gewone aandelekapitaal:**

- Op 1 Julie 2023 het die maatskappy 'n bykomende 250 000 aandele uitgereik.
- Op 30 Junie 2024 is 1 250 000 aandele reeds uitgereik.

**C. Uittreksel uit Kontantvloeistaat op 30 Junie 2024:**

| | **2024** | **2023** |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **(222 120)** | **(1 365 000)** |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | 1 922 430 | |
| Rente betaal | (348 000) | |
| Belasting betaal | (409 050) | |
| Dividende betaal | (1 387 500) | |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | **152 250** | **(450 000)** |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | **1 539 000** | **(150 000)** |
| Uitreik van aandele | 562 500 | 0 |
| Verandering in lening | 977 000 | (150 000) |
| **Kontant en kontantekwivalente** | | |
| Netto verandering | 1 470 000 | 765 000 |
| Begin | (495 000) | (1 260 000) |
| Eind | 975 000 | (495 000) |

**35**

**VRAAG 4: AANDEELHOUDING EN KORPORATIEWE BESTUUR (20 punte; 15 min)**

**4.1 Kies die korrekte term om elk van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.5) neer in die ANTWOORDBOEK.**

| **Eksterne ouditeur; Beperk; Uitvoerende direkteur; Bpk.; Interne ouditeur; Aandeelhouers; Onbeperk; Nie-uitvoerende direkteur; Gewone aandelekapitaal; Edms. Bpk.** |
|---|

4.1.1 … is aangestel om beheermaatreëls te monitor om wanbestuur en bedrog te voorkom.

4.1.2 Die konsep van ... aanspreeklikheid verseker dat aandeelhouers nie aanspreeklik is vir die skuld van die maatskappy in die geval van bankrotskap nie.

4.1.3 ... dien op die raad van direkteure in 'n raadgewende rol.

4.1.4 ’n Privaat maatskappy eindig met die volgende ...

4.1.5 … is deur die aandeelhouers aangestel om die finansiële state op te stel en voor te berei.

(5)

**'n Artikel hieronder is uit 'n plaaslike koerant gehaal. Lees die uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg. Gebruik jou algemene kennis van maatskappye en korporatiewe bestuur om jou antwoorde te ondersteun, indien nodig.**

**GEVRA:**

4.2 **Aandeelhouding**
**Verwys na Paragraaf 1.**

4.2.1 Bereken die persentasie aandeelhouding van Canal+ in Multichoice. (2)

4.2.2 Waarom is Canal+ so vasbeslote om die aandele te bekom? (1)

4.2.3 Verskaf TWEE voordele vir Canal+ as hulle die aandele verkry. (4)

4.3 **Goeie korporatiewe bestuur**
**Verwys na Paragraaf 2.**

4.3.1 *“hulle wil verseker dat MultiChoice en die breër Suid-Afrikaanse kreatiewe ekosisteem op die langtermyn sukses kan behaal.”*
Waarom gebruik die HUB bogenoemde as 'n argument aan Multichoice as 'n rede waarom hulle in die aandele belangstel? (2)

4.3.2 In watter verslag sal die nie-finansiële inligting in die AJV gekommunikeer word? (2)

4.3.3 Wat verstaan jy onder die "Drie deel basislyn"-verslaggewing? (2)

4.3.4 Verduidelik kortliks wat jy verstaan onder "goeie korporatiewe bestuur" (2)

**INLIGTING:**

**Uittreksel uit artikel in Mybroadband op 1 Februarie 2024.**

**Canal+ maak aanbod om MultiChoice vir R31,7 miljard te koop**
Jan Vermeulen1 Februarie 2024

**Paragraaf 1**

*Canal+ het Donderdag in 'n verklaring gesê hul het 'n brief aan MultiChoice se direksie gestuur wat 'n nie-bindende aanwysende aanbod bevat om al die uitgereikte gewone aandele van MultiChoice wat hul nie reeds besit nie te verkry, onderhewig aan die verkryging van die nodige regulatoriese goedkeurings.*

*Hul het R105 per gewone aandeel aangebied, wat 'n premie van 40% verteenwoordig op MultiChoice se sluitings aandeelprys van R75 op 31 Januarie 2024.*

*In die laaste jaarverslag het MultiChoice onthul dat Canal+ 140 160 277 van die 442 512 678 uitgereikte aandele besit.*

**Paragraaf 2**

*Maxime Saada, voorsitter en uitvoerende beampte van Canal+, het gesê hulle is 'n langtermyn belegger in beide MultiChoice en Suid-Afrika en is trots daarop om vir 30 jaar aktief betrokke te wees by Afrika se media sektor.*

*Saada het gesê as 'n toegewyde belegger en 'n ervare globale media maatskappy wil hulle verseker dat MultiChoice en die breër Suid-Afrikaanse kreatiewe ekosisteem op die langtermyn sukses kan behaal. "Ons hoop om voort te bou op ons sterk prestasie rekord van samewerking met MultiChoice om ambisieuse en outentieke Afrika-inhoud te gebruik, meer plaaslike produksie maatskappye te ondersteun en toegang tot internasionale sport te verdiep terwyl ons in plaaslike sport en hul plaaslike sterre en ambassadeurs belê en bevorder," het hy gesê .*

*[Bron: mybroadband.co.za]*

**20**

## GROOTTOTAAL: [150]

| GRAAD12 REKENINGKUNDIGE FINANSIËLE AANWYDER FORMULEBLAD | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handels- en ander debiteure + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid - Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.